LANDBOUWEEKBLAD
23 May 2014, p.36

BOEDELBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

Vermy twis ná jou dood

Hoe hanteer jy die bemaking aan 'n trust in jou testament?

KORTOM

- Jy kan bates aan 'n testamentêre of reeds bestaande trust bemaak.
- 'n Trust het nie regsaanspreeklikheid nie.
- Trustees kan net handel volgens die regte wat die trustakte aan hulle verleen.

Ja, 'n mens kan bates aan 'n trust bemaak, maar verstaan wat en hoekom jy dit doen, want dit kan eindelose ergernis en onderlinge twis vir naasbestaandes meebring.

Jy kan die bates bemaak aan 'n bestaande inter vivos-trust (wat opgerig word terwyl jy nog leef, soos 'n familietrust) of aan 'n testamentêre trust. Laasgenoemde word geskep deur die testament self, terwyl die inter vivos-trust 'n reeds bestaande trust is.

Die woorde: "Ek bemaak aan die trustees van die XYZ-trust die volgende . . ." is 'n eenvoudige aanduiding van 'n bemaking aan 'n inter vivos-trust wat reeds bestaan. Dit is nie baie anders as enige ander bemaking nie, soos regstreeks aan 'n kind.

Die trustees van dié trust het reeds hul bevoegdhede en pligte wat uiteengesit is volgens die akte van oprigting en die begunstigdes en hul belange is reeds gedefinieer. Die trustees gaan dus net voort met die beheer en/of bestuur van die bates ten behoewe van die begunstigdes, soos die geval mag wees.

TESTAMENTÊRE TRUST

'n Bemaking aan 'n testamentêre trust het meer om die lyf. Eerstens moet voldoen word aan die vereistes van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953). Kortom, daar moet 'n geldige testament wees wat deur die Meester van Hof aanvaar word. Ek dink dit skep 'n opskortende voorwaarde, wat te laat vir jou gaan wees om reg te stel – jy is dan dood, onthou.

Verder moet dit ook voldoen aan die vereistes van die Wet op die Beheer van Trustgoed (Wet 57 van 1988). Jy moet in die testament die trustees aanwys en hul magte en verpligtinge uiteensit.

BEGUNSTIGDES EN BELANGE

Jy moet die begunstigdes aanwys en hul belange beskryf. Is dit diskresionêre of gevestigde belange? Diskresionêre begunstigdes het slegs 'n hoop op die voordele van die trust en dit is afhanklik van die besluit van trustees. In die geval van 'n gevestigde belang het die eienaar 'n reg op die trustbates. Dié verskil is belangrik, ook uit 'n belasting-oogpunt vir die trust en die begunstigdes.

> Dit kan 'n teelaarde wees vir konflik as jy nie jou sake mooi deurdink het nie.

'n Mens moet ook die gevolge van die bemaking aan 'n trust, testamentêr of inter vivos, verstaan. 'n Trust is 'n kontrak – dit het nie 'n regspersoonlikheid nie. Die trustees het verpligtinge en die begunstigdes het regte. Dit kan 'n teelaarde wees vir konflik as jy nie jou sake mooi deurdink het nie. Ons praat nie net van konflik tussen die trustees en die begunstigdes nie, maar ook tussen die begunstigdes onderling. As almal begin om hul "regte" op te eis, verkluim broeder- en susterliefde gou en word vorige reëlings wat jy dalk met kinders gehad het, gou vergete.

Byvoorbeeld, 'n seun het jare lank saam met sy pa geboer en die veronderstelling was nog heeltyd dat hy sal voortgaan om te boer ná sy pa se dood. Toe pa sterf, lees die testament egter anders: Die boerdery vererf na die trust en al die kinders is begunstigdes. Nou boer seun vir sy boeties en sussies.

BRIEF VAN WENSE

Trustees kan net handel volgens die magte wat in die trustakte aan hulle verleen is. Vergeet liewer van die "brief van wense", waarin die opsteller aandui op watter manier hy wil hê die trustees hul pligte moet uitvoer . Dit is 'n spul snert en nie die papier werd waarop dit staan nie.

Ek kan mense nie genoeg daarteen waarsku om te ligtelik met hul testamente om te gaan nie. Dit is meer as net 'n opdrag aan jou eksekuteur oor hoe om met jou goed te werk. Dit bind mense in verhoudings wat familiebande op die ou end uitmekaar kan skeur. **LBW**

Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.